

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> **BLADSY 3**

Huis- en Tuinbouklub

Weens die inperking was die dames uitgehonger om tussen die blomme te stap. Vingers het gejuik en trollies is volgepak.

>>> **BLADSY 6**

Stres laai op oor nuwe seisoen

Die seisoen is vanjaar vroeg! Boere doen voorbereiding – moet ons vroeg plant, in droë grond, of wag totdat dit reën?

>>> **BLADSY 8**

Eskom-kragonderbreking

Neem kennis dat die elektrisiteitsverskaffing na Heilbron onderbreek sal word op 14 Oktober, 07:00-18:00.

DIEWE IS OOK UIT GREDELTYD

Toe die President die land se deure gesluit het einde Maart en Vlak 5 grendeltyd aangekondig het, moes skelms en inbrekers ook vir 'n wyle agter deure sit – seker nogal die tronk gevoel gekry. Nou is die land in Vlak 1 en dié manne is terug met hulle slegte gewoontes van inbraak en diefstal. Sosiale media groepe gons oor hekmotors en tuinslange wat gesteel word en inbrake wat plaasvind, veral Vegkop-uitbreiding loop sleg deur. Ons bure op Frankfort kry nou hulle beurt, seker omdat daar nou 'n tekort is op Heilbron. Vraag bepaal mos aanbod. Daar is 'n kamera op die hoek van Pierce- en Breëstraat, maar die manne kom van ander kante waar hulle nie gesien kan word nie. Eben Stander van FAR sekuriteitsdienste het met 'n voorstel gekom om 'n patrollie bakkie beskikbaar te stel wat nagpatrollies in Vegkop uitbreiding doen om misdaad daar hok te slaan. Maar soos in elke besigheid is daar koste verbode om die diens te kan lewer en sal hy graag wil hoor van inwoners in die gebied of hulle sou belangstel in die diens. Eben sê ook dat hy die enigste sekuriteitsbesigheid in Heilbron is wat geregistreer is by PSira, wat hulle regulasie voorskryf in die sekuriteitsindustrie. Dit kan dalk die oplossing wees vir 'n veiliger buurt aangesien misdaad in vlak 1 met 41% gestyg.



BRAAIDAG VOORBEREIDINGS BEGIN



Van die Heilbron Herald personeel is reeds by die vure en daag elkeen uit om braaidagviering met ons te deel! Lekker braai!

FAR SECURITY SERVICES
 Guards, CIT & Armed Response
 Eben 082 431 1926 Andre 083 230 4366
 Heilbron : 058 852 1336

BKB LOUWID
 FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
 DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
 skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
 Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
 E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
 www.bkb.co.za
 Reg. No: 2005/50171/07

Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

Die misdaadsyfers dui 'n toename aan van sake gerapporteer aan die SAPD, met 'n kommerwekkende toename in die aantal gewelddadige plaasaanvalle. Na Covid 19 word 'n groter gevaar van werkloosheid in die gesig gestaar en gaan diefstal op plase die hoogte in skiet. In die meeste gevalle is boere aangeval voor hulle hul eiendomme betree het. Bv. in 1997, is 66.1% van die aanvalle met vuurwapens gedoen. Polisie statistieke wys dat handwapens die gewildste was en net in sekere gevalle is aanvalsgewere gebruik. Foto's op sosiale blaaie wys dat al meer militêre toerusting by aanvalsgewere en "jammers" gebruik word.

Moorde

Moorde met vuurwapens het gestyg. Die hoër getal moorde met vuurwapens is eweredig gelyk aan die toename van vuurwapens. Omdat mense onveilig voel, bewapen hulle hulself al hoe meer. Dit word algemeen aanvaar dat bewapening nie noodwendig gepaard gaan met die vaardige hantering van vuurwapens nie.

Ander aanslae?


- Die SAPD kan nie misdaad alleen bekamp nie... dis onmoontlik!!! 250 000 Polisiemag vir 50 miljoen mense wat steeds groei = 1 x aktiewe polisieman op die grond vir elke 500 mense. Ongeveer 4000 polisiemanne is opgelei om onluste te bekamp. Gebrekkige infrastruktuur, voertuie en fondse kortwiek die diens wat die SAPD moet lewer.
- Voertuigkapings. Dit gebeur daagliks en is van SA se mees gewelddadige misdade. Kapers heg min waarde aan menslike lewe. Hulle maak dood by die geringste weerstand. Ook hier is daar 'n toename in die gebruik van vuurwapens.
- Skokkend egter is die toename in kapings. Vuurwapens, meestal handwapens, word in die aanvalle gebruik. Hierdie neiging duur voort met 'n opwaartse kurwe. Voorts is ons plaaslike paaië ook nie meer so veilig nie, te oordeel na van die berigte in die media.

As gemeenskappe

Vir ons gemeenskappe om hierdie aanslag te oorleef, sal ons moet begin saamwerk. Dit beteken nie dat ons nou skielik almal patrollies moet ry nie. Maar omdat ons verskillende talente het, moet die talente aangewend word waar die vakkundige mense gebruik kan word.

- Skep 'n gemeenskapsorganisasies (GVI staan vir Gemeenskapsveiligheidsinisiatief, GPF staan vir Gemeenskapspolisiëringforums).
- Sluit aan by die plaaslike GPF.
- Stig plaas- en buurtwagte. Ons het reeds 'n beheerkamer vir die doel, sluit aan en doen jou deel vir jou gemeenskap.

Ons tyd om as individue te oorleef en self ons eie planne te maak is verby. Dit is tyd om nou reeds te beplan, om as gemeenskappe te oorleef. Moenie te laat begin nie.



Alwyn Swart – Sommige van die uittreksels uit Gerhard van Jaarsveld se Veiligheidshandleiding. Lees volgende week meer.

AANVALLE OP PLASE EN HOEWES

VROUE-EN KINDERGEWELD

Suid-Afrika toon skokkende getalle van geweld teen vroue en kinders en word gesien as 'n pandemie op sy eie. Dit is egter moeilik om getalle te toon weens dit nie altyd duidelik is of geweld plaasvind juis omdat hulle vroue is nie. Die minister van polisie het die top 30 polisiestasies aangekondig in wie se gebiede geweld teen vroue die ergste is. Brandpunte in die Vrystaat sluit slegs in Bloemspruit op nommer 17 en Kopanong op nommer 24 van die lys, beide in Bloemfontein area.

Onthou die volgende:

- Jou lewe beteken vir die misdadiger niks nie.
- Die misdadiger het 'n spesifieke plan, aksie en opdrag voor oë, dit is sy lewe teen joune.
- Hy maak grootliks staat op geheimhouding, vals pretensies en die element van verrassing.
- Geen misdadiger wil gevang word nie en sal tot die uiterste toe gaan om dit te verhoed al beteken dit om te moor.
- 98% van alle misdadigers is gewapen.
- 93% van alle inbrake en diefstalle is 'inside jobs' of die inligting kom van binne af.
- Wapens - Messe 78%, Vuurwapens 6%, Panga/Macheti, Breekysters, ens.
- Groeperingswerk in getalle van minstens tussen 4 – 6 mense saam en groter.
- Professionele misdadigers het almal 'n "misdaad-kit" en 'n "checklist" wat voor die misdaad gekontroleer word.
- Daar is dwelms, toorgoed (muti), seën van die toordokters, ens. betrokke wat opswep om sukses te behaal.
- Alle aanvalle is tot die fynste detail vooraf beplan.
- Vinnig, akkuraat, effektief.
- Jy word fyn en in detail dopgehou. Ken jou beweging, wie daar bly, vrou, kinders, roetine, besittings, werkers, honde, sekuriteitsisteme, reaksietye vir SAPD en sekuriteitsmaatskappye, voertuie, finansies, kluisse, huisplanne, store, ens.
- Die mense werk in spanne, sindikate, groepe, bendes, verkenners, aanvalsgroepe, ens.
- Werk en kommunikeer d.m.v. handgebare en tekens wat gekodeerde boodskappe insluit (Afrika-tekens)
- Hulle inligtingsnetwerke is uitstekend.
- Teen die tyd wat jy besteel word, is daar reeds 'n mark vir die goedere, hulle raak baie vinnig van die items ontslae en word betaal in kontant. Die afsetpunte is reeds in plek.
- Die meeste is professionele misdadigers, nie leke nie en word van kleintyd af in die misdaadwêreld onderrig op alle vlakke.
- Tegnieke en metodes word tussen mekaar uitgeruil.
- Hulle betrek elke segment van die samelewing, organisasies, werksplekke, ens. waar inligting gekry en ingesamel word.
- Bestuursentrum uitstekend ingerig op alle vlakke, vanaf regeringsvlak regdeur tot kleinste element (MacKenzie struktuur)
- Misdaad is die grootste besigheid in die land en is baie goed georganiseer.
- Sluit alle vlakke van die samelewing in.
- Mense wat nie wil betrokke raak nie, word geïntimideer; en selfs gedreig met dood, hulself en hul familie en gesinslede ook, totdat hulle ingee.
- Verkenners: Versamel inligting. Jy word dopgehou tussen vier dae tot twee maande. Haarlyn observasie vir die aanval sowel as die ontsnaproete.
- Die ouens praat nie uit nie. Dit is strafbaar met die dood.
- Desperaetheid is die wortel wat misdaad aanblaas, direk gekoppel aan werkloosheid.
- Misdaadgenerasies word deurlopend geskep en lewer misdadigers wat niks anders ken nie, d.m.v. onder andere indiensopleiding, inisiasie- en misdaadskole.
- Spesialisgebiede of fokuspunte/bendes in misdaad bestaan: sakkerollers, huisrowers, voertuigkapers, bankrowers, internet, wapensmokkel, renosterhorings, rekenaars en skootrekenaars, transitorowers, handelsmisdaad, wifi, selfone.

Voorkoming van hierdie geweld moet vroeg begin deur met jong seuns en dogters te werk en hulle te leer van respekvolle verhoudings en geslagsgelykheid. Om met jong mense te werk sal volgehoue vordering toon. Kinders moet van jongs af geleer word wat hulle regte is en wat alles onder kindermishandeling val. Vroue is net so belangrik soos mans en moet hulle waarde verstaan. Te veel kere maak ouers staat op skole om kinders op te voed, terwyl dit teen daardie tyd dalk al reeds te laat is. Voorbeelde word van kleins af gevolg en daar moet tuis byvoorbeeld konflik op die regte manier hanteer word. Opleiding is voorkoming en dit begin by die huis.

HUIS- EN TUINBOUKLUB KUIER GESELLIG SAAM



COVID-19 se inperkingsmaatreëls word stelselmatig gelig, wat veroorsaak dat mense weer plekke besoek en mekaar ontmoet. Op Woensdag, 16 September, was Heilbron se Huis- en Tuinbouklub op 'n uitstappie na Vereniging Creative Talents. Die geskenke- en dekorafdeling is eerste besoek, waar die dames weer hulle kreatiewe talente kon afstof met die interessante artikels wat te koop was. Almal was vuur en vlam om weer iets te verf, plak of enige iets kreatief met hul hande te doen. Daarna besoek die groep dames Magic Garden Centre. Weens die inperking was die dames uitgehonger om tussen die

pragtige blomme en kleurrike plante deur te stap. Die vingers het gejeuk en is die trollies vol plante gepak en gekoop om elkeen se tuin vir die lente op te vrolik. Die dag was afgesluit met 'n heerlike ete in die kwekery se tuin. Die hoenders, kuikens, poue en katte wat die hele kwekery vol loop, help die rustige atmosfeer aan. Tannie Bertha Hancke het een van die kuikens gevang en getroetel. Die volgende vergadering is die 21ste Oktober, en word gereël deur Wilna Weilbach en haar span.



Op die foto: Georgina Weiss, Pia Pienaar, Sannetjie Lombard, Gerda Pieters, Carol Snyman, Bessie van Zyl en Bertha Hancke. Op die foto onder: Bertha Hancke.



REUK VAN ROET

Die reuk van roet en swart gebrande gras is gepaardgaande met teleurstelling vir die produsent, wanneer jy snak na asem as gevolg van rookbolle en terugkyk na jou stukkie grond wat amper in puin vernietig lê. Veldbrande kan vir boere en grondeienaars duisende rande se skade beteken. Dit is dalk nou heerlike lente en almal sing die winter is verby, maar die gras is droog en tot en met die eerste goeie reën val is brandgevaar vir onbeheerste vure wat oor die landskap spring en verwoesting saai, hoog. Die grootste bron van veldbrande se oorsprong hier in die Noord Vrystaat, is weerlig. Veldbrande versprei baie vinnig en kan tot so vinnig as 23 km/uur beweeg, wat dit moeilik maak om te beheer en te blus en wat mens ekstra magteloos laat voel. Elke produsent of grondeenaar is egter verplig om veldbrande te voorkom of te bestry. Die verpligting word uiteengesit in die Nasionale Wet op Veld-en Bosbrande Nr. 101 van 1998. Wees gereed die lente seisoen, die Augustus winde duik nog gereed op, wat grootter skade en verwoesting kan saai indien 'n veldbrand uitbreek.

Diewe het die afgelope ruk meestal hekmotors geteiken. Nie net in Heilbron nie, maar omliggende gebiede ook. Asof hierdie gebeure nie reeds erg genoeg is nie, is die inwoners van Phiritona hoogs onsteld oor diefstal in die omgewing. Klaarblyklik is daar die afgelope week drie motors in die woongebied gesteel deur vermoedelik mense afkomstig van Gauteng. Inwoners van die Heilbron

WEES VEILIG DIE LANGNAWEEK

omgewing word gevra om versigtig te wees asook op die uitkyk vir verdagte gebeure. Vakansiedae en langnaweke veroorsaak dat diewe meer aktief optree weens huiseienaars op vakansie gaan. Wees jou en jou buurman se ore en oë.

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers
P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 474 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 771 1747
Reitz
Tweeling
Patrus Steyn

GERHARD HARTMAN
Vlaers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
HUGO GROENEWALD
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
IAN GROBBELAAR
Afslaer

GEMEENSAPSNUUS

STRES LAAI OP OOR NUWE SEISOEN

Wanneer gaan dit reën? Hoe lyk die seisoen vorentoe? Die seisoen is vanjaar vroeg! Hierdie vrae(?) en antwoorde (!) is tans weer hoog op die agenda in die platteland waar boere hulle voorberei – moet ons vroeg plant, in droë grond, of wag dit is nog te vroeg! Wag totdat dit reën.

Dit is nou weer stres-tyd!

Hoe word die tydperk hanteer – die Grieke wat beskou word as die “wyse” volk het ’n afleiding om die tydperk hok te slaan. Dit is die “Worry Bead”. ’n String krale - daar moet 23 krale wees – en die

kom ons kyk na statistiek. Die gemiddelde reënval vir September is 18.71 mm, met die hoogste reënval van 127.3 mm, wat in 1956 gemeet is. Daardie jaar het Heilbron 863.33 mm reën gemeet!

As die “Worry Beads” van die Grieke nog nie stres-verligting gegee het nie, kan die Joga-oefening probeer word. Daar is iets omtrent joga wat anders is as gimnastiek of enige ander vorm van oefening – dit help om jou te konnekteer met jou innerlike self wat stadig ontrafel word.

’n Maklike manier is die hand-oefening bekend as Mudras (in joga) wat jou help om te ontspan. Mudras word gedoen in samewerking met asemhalings-oefeninge wat die energievloei deur die liggaam reguleer.



Vyf Joga-oefeninge om rustig te word.

Noudat die stres- verwante aspekte in verband met die nuwe seisoen afgehandel is, kom ons weer by die vier seisoene – lente, somer, herfs, en winter. Die storie hoedat die vier seisoene tot stand gekom het is Griekse mitologie – afkomstig van Demeter, die Griekse godin van

die oesfees. Die goeie oesjaar is afhangende van haar buie. As gevolg van ’n groot teleurstelling in haar lewe is die vier seisoene gebore.

Ertjies, troetelnaam vir ons kleinkind, stuur nou die dag ’n foto van sneeu op die Himalayberge tydens ’n vlug van Abu Dhabi na Suid-Korea. Die foto is met sonsopkoms geneem oor Nepal. Die sneeu lê spierwit op die Himalayas.

Die toneel beeld weer die



Sonsopkoms oor die Himalajas.

BLOEDSKENK IN HEILBRON

Die wintermaande wat verby is, is tradisioneel ’n moeilike tyd vir bloedinsamelings, aangesien skole en universiteite gesluit is vir die vakansie. Daarmee saam is daar ’n toename in tipiese wintersiektes, soos verkoues en griep, wat ’n reuse impak het op die insameling van bloed. Dit plaas SANBS onder ontsaglike druk om genoeg, veilige en goeie kwaliteit bloed in te samel. COVID-19 en die inperking het ’n verdere invloed gehad op die min insamelings tydens skenkings. SANBS het die gemeenskap van Heilbron genooi om bloed te skenk, Dinsdag 22 September 2020 en by die NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 – 18:00. Die doelwit was om 80 eenhede bloed in te samel vir die dag waarvan daar 61 ingesamel is. SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker. Die behoefte aan bloed neem ongelukkig nie af nie, en pasiënte benodig steeds ongeveer 3 000 eenhede bloed per

dag. Vir elke dag wat hierdie doelwit nie bereik word nie, word die beskikbare voorraad uitgeput. Help asseblief om ’n bloedtekort te voorkom om bloedskenking te ondersteun. Skenk bloed weer hierdie Dinsdag, 29 September. Jou bloed red lewens.

Op die foto: Leonard Deysel.



BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:

Gebed is nie lang resitasies nie Mense val dikwels terug op “standaard gebede” as daar in die openbaar gebed moet word. Dink maar aan daardie tafelgebed: Dankie vir die hande wat kos voorberei het. Terloops, ek wonder steeds hoekom ons net vir die “hande” bid, en nie vir die res van mense agter daardie hande nie! Ek onthou hoe ’n student een keer sy eie weergawe hiervan gebed het: “Vergeef tog die hande wat dié kos voorberei het!” Ons weet dat gebed die basiese bousteen van ons geloof vorm. Tog kom gebed soms met rukke en stote oor ons lippe - veral by my! Dalk sukkel ons so omdat ons dink ons gebede moet gepoleerd klink, of dit moet lang monoloë met God wees. Die stereotipe-prentjie in baie se koppe is dat opregte mens lank bid. Wel, lang gebede is nie ’n voorwaarde vir opregtheid nie. Nêrens sê die Bybel dat God meer intens luister na langer gebede nie. Trouens, Prediker 5:1 sê duidelik dat ons baie versigtig met ons woorde moet wees in God se teenwoordigheid. Eerder minder maar opregte woorde, as andersom. Hy soek opregtheid! Praat dus al jou prate uit die hart met jou Hemelse Vader, en sluit dan af.

Die lente bring weer lewe na die winterslaap – die saad ontkiem en daar is lewe!

Time gentlemen - Tom Watson

Bron: Stephan Joubert, ingestuur deur Heléne

’n Gewese ou ds van Petrus Steyn

het eendag gesê: “In die biduur stuur jy ’n “telegram” na die Here in jou gebed, en in jou binnekamer ’n “brief” (geselsbrief) na die Here toe. Ek onthou ’n sekere oom, wat bekend was vir sy lang gebede. In ons kerk op Petrus Steyn het ons opgestopte stoele, (aan die paadjie se kant) het hy langs die stoel gekniel, dan gaan dit amper vir ’n hele halfuur aan in die gebed. Ek onthou eendag in die biduur was dit weer so ’n lang gebed en toe ons buite die Kerk kom sê ’n tannie verontwaardig: Wat te erg is darem te erg!

Die volgende skrywe is ontvang van H Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.

Dieselfde ou ds het eendag gesê: “Jy kan ’n preek kritiseer maar jy moet nooit iemand se gebed kritiseer nie. Maar nou ja jy weet nie wat in daardie persoon se binneste aangaan nie. Maar nou is daar gewoonlik meer wat graag ook wil deelneem om met die Here te praat, dan gaan die geleentheid miskien verby. Die Woord sê wel, jou woorde moet min wees op die aarde, gaan in jou binnekamer en sluit jou deur, en sonder jou dan seker af om rustig met die Here te praat. Dan wonder ek nou, moet jou woorde dan ook min wees? Ek glo nie, wie sal weet? Feit bly staan ons kan nie iemand veroordeel of soos die ou ds gesê het, jy moet nooit iemand se gebed kritiseer nie. Ons weet nie wat binne in die hart aangaan. Afsondering in die binnekamer ...

VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68(1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van ’n gesertifiseerde afskrif van TRANSPORTAKTE T27544/2004 gepasseer deur ANDREW PHILIPPUS COWLEY, Identiteitsnommer 610318 5086 085 en TERSIA COWLEY, Identiteitsnommer 650505 0007 085, getroud in gemeenskap van goed met mekaar aan KAREN LABUSCHAGNE, Identiteitsnommer 630217 0126 084, getroud, buite gemeenskap van goed. ERF 173 ORANJEVILLE, DISTRIK HEILBRON, PROVINSIE VRYSTAAT, GROOT 937 (NEGE HONDERD SEWE EN DERTIG) VIERKANTE METER, GEHOU KRAGTENS TRANSPORTAKTE T27544/2004.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sondanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Bloemfontein op hede die 22ste dag van September 2020.

FORSTER PROKUREURS

APPLIKANT

P/A JAN HUGO PROKUREURS

KELLNERSTRAAT 40

BLOEMFONTEIN

E-POS: prok@jhugoprok.co.za

TEL: 051 448 2747

Nagmaal

AANLYN BOERE NAGMAAL

Vriende van Landbou, die ondersteuningsnetwerk vir almal betrokke in Landbou, nooi almal uit om op 27 September 2020 om 11:00 saam ’n Boere nagmaal te hou. Die tema van die diens sal wees dankbaarheid. Dit is so ’n voorreg om in Landbou betrokke te kan wees en nog ’n groter voorreg om van Landbou afhanklik te wees m.a.w. die voorreg om kos te kan hê. Elke ete by jou huis, skool of restaurant of met vakansie – ja alle kos, kom uit Landbou. Wat

’n voorreg om mense te kan dien hiermee. Almal is welkom om Vriende van Landbou te word en kan finansiële of deur sy/haar talente of tyd bydra om die Vriende van Landbou netwerk te versterk. Kom word deel van ons Vriendegroep en gee terug soos jy in jou hart voel. ’n Paar vriende gaan getuiesse lewer, lofsang vanuit die Oase gemeente en Dr Pieter van Jaarsveld van NG Kerk in Bothaville sal die nagmaalbediening doen. Knip ’n uurtjie af en skakel in op Vriende van Landbou se Facebookblad.

COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEE



Die jongste getalle toon dat daar 663 282 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 16 118 en reeds 592 904 mense het van die virus herstel. Daar is tans 54 260 aktiewe gevalle en Suid-Afrika het gedaal tot die land met die 9de meeste COVID-19 gevalle. Mafube Polisiestasie het weer tydelik gesluit op 21 September weens bevestigde Covid-19 gevalle.

Pres. Cyril Ramaphosa het verlede week aangekondig dat Suid-Afrika sy grense op 1 Oktober vir internasionale reise sal heropen nadat vlak 1 van die inperking aangekondig was. Die minister van polisie het gesê meer as 300 000 mense is sedert die begin van die inperking landwyd in hegtenis geneem weens oortredings van die regulasies wat nie gevolg word nie.

Heilbron Car Wash (next to Spar)

Mon-Fri 8:00-17:00 Sat 8:00-13:00

	Hatch, SML vehicle	Sedan, Single cab, MED vehicle	Cab & half	Double cab, SUV, LRG vehicle	Vito, Taxi, Quantum, XL vehicle
Wash & Go	R20	R30	R35	R40	R60
Wash & Dry	R35	R40	R45	R50	R75
Wash, Dry & Vacuum	R45	R50	R55	R60	R95
Full House	R60	R80	R100	R120	R150
Engin Clean	R30	R35	R40	R40	R50
Leather Treatment	R40	R40	R30	R50	R70
Polish	R300	R350	R350	R400	R500

POSTNET HEILBRON

WE COLLECT & DELIVER ONLY BETWEEN ANY OF THESE TOWNS

HEILBRON REITZ FRANKFORT PETRUS STEYN

FOR ONLY parcels 0-5kg **R49**

PARCELS WEIGHING MORE THAN 5KG CONTACT US FOR A QUOTE

42 Els street, Heilbron T: 058 853 0006 E: heilbron@postnet.co.za

OPEN : Mon-Fri : 08:00-16:30

GHOLFERS WIL KANSA HELP

SPORT

Môre gaan daar 35 gholfers hulle deel doen om fondse in te samel vir Kansa.

Elke speler gee indirek R100 vir die organisasie wat hulle beywer vir kankernavorsing in Suid-Afrika. Daar word in drie afdelings meeding: 0-9, 10-18 en 19 tot 30 voorgee. Die dames speel ook in hulle eie afdeling.

Wenners speel dan later op Clarens in die Oos Vrystaat finaal. Pioneer saad agentskap van Heilbron borg die pryse, elke speler sal ook 'n Pioneer hoed ontvang as deel van die inskrywing.

Vian Leeb het Saterdag sy ritme gevind en wen die plaaslike kompetisie met 43 punte, gevolg deur Shaun Botha op 39. Ander wenners was Arnold Saayman 38 en Tommy Watson 37.



Saterdag se kompetisie wenners vl: Arnold Saayman, Shaun Botha, Vian Leeb en Tommy Watson.

Die bestuur het Woensdag die nuwe Verticut masjien in ontvangs geneem en gaan die aankope 'n reuse verskil aan die setperke

maak. Saterdag se gholff begin om 10:00 en is speelfoote R250 wat halfweg insluit.



WINKELURE

Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00

Vrydae:
07:30 tot 16:30

Saterdag:
09:00 tot 13:00

Elstraat 44 Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033

ESKOM KRAGONDERBREKING - 14 OKTOBER 2020

Soos per brief aangestuur het ons die kennisgewing ontvang dat daar binnekort 'n Eskom kragonderbreking in Heilbron sal wees.

Neem asseblief kennis dat die elektrisiteitsverskaffing na Heilbron onderbreek sal word vir onderhoud by die substasie. Die onderbreking is geskeduleer vir Woensdag, 14 Oktober vanaf

07:00 - 18:00. Die elektrisiteitstoevoer kan sonder kennisgewing enige tyd herstel word gedurende die onderbrekingsperiode. As gevolg hiervan moet alle elektriese installasies hanteer word as lewendig en gevaarlik. Hierdie onderbreking is nodig vir jaarlikse onderhoud.

Up To All Scanning Now Available

074 823 00
073 877 00
072 818 00
071 821 00

Herald

FUNKSIONELE TERAPEUT
PASTORALE BERADER
TRAUMA, VERLIES, GRENSETOEGANG

KINDER-STERAPEUT
VERMINDERDE GEDRAGSPROBLEME

REMEDIERING
GRAAD R: GEREGISTREERDE
SNOCHGEREEDHEIDSTOETS

BEDWASHERIEP: 058 650 5574

F.T.C.

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES & CLUTCHES | **HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074 | **Parts** : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206 | **Landline** : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096 | **Email** : ftcfrankfort@gmail.com

BKB Louwid NOORD

Die komende week se **BELANGRIKSTE** veilings

MAANDAG - 28 SEPTEMBER 2020

BELTFONTEN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwige Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 29 SEPTEMBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Frank Pretorius 079 560 7068

WOENSDAG - 30 SEPTEMBER 2020

MENEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 067 404 0690

BLOEKONSPRUIT Twee-weeklikse veiling
Kontak Rudy Nagel 082 305 6066

DONDERDAG - 1 OKTOBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VRYDAG - 2 OKTOBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Brays 079 680 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Saily de Villiers 073 816 4956

BKB LOUWID

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwid.co.za